40 Dae van gebedsfokus op Herlewing

Onthou die fonteine van herlewing van ouds: 3-12 April 2010
Terwyl ons die 150e jaar herdenk sedert die 1860 herlewing in Suid-Afrika, moedig ons mense aan om met hernude erns te bid vir herlewing in ons land. Vanaf 3-12 April nooi ons Gelowiges vanuit al daardie dorpe en stede wat oor die afgelope 350 jaar herlewing in Suid-Afrika beleef het om spesiale gebedsinisiatiewe te begin, om God te vra om Hom weer oor ons te ontferm en weer herlewing in hierdie dorpe te gee.

By *Jerigo Mure* kon ons 74 stede en dorpe wat herlewing beleef het oor die afgelope 150 jaar, opspoor. Daar is seker meer, maar hierdie is dié waarvan ons op die oomblik weet. Die lys is op aanvraag beskikbaar. As jy weet van herlewing in dorpe wat nie op die lys is nie, laat asb vir ons weet sodat ons dit kan byvoeg. Jy kan ons ook kontak as jy wil weet of daar alreeds iemand van jou dorp of stad is wat te kenne gegee het dat hy/sy betrokke wil wees by hierdie inisiatief. Kontak Anneke Hanekom by tel.: 012 365 3213 of faks: 012 365 3214 of e-pos: info@global24-7.org

Wat om gedurende hierdie 10 dae te doen:

1. Vind 'n groep mense (verkieslik van verskillende denominasies) en beplan om elke dag vir 10 dae lank te bid vir jou dorp/stad. Jy kan saam met ander die gebedsaanwysings in die *Jerigo Mure* gebedsgids gebruik.
2. Dank die Here vir Sy groot dade in die verlede en vra Hom om dit weer in jou gemeenskap te doen. (**Jes.64:1-5; Ps.85:6**).
3. Lees **Handelinge 2:17-21** en bid volgens hierdie verse dat God weer Sy Gees oor jou stad/dorp sal uitstort en die ou bronne van herlewing weer sal oopmaak.
4. Waar moontlik oorweeg dit om 'n 24/7 gebedskamer of gebedsmuur (skedule) op te stel om die hele 10 dae lank te bid. Oorweeg 'n sentrale plek waar alle kerke kan saamkom om te bid.
5. Besoek weer die verskillende plekke in jou stad/dorp/gemeenskap waar jy weet vorige herlewings begin het. As jy onseker is, kontak *Jerigo Mure* of doen 'n bietjie navorsing oor die geskiedenis van jou gemeenskap.
6. Neem tyd om die Here te loof en te aanbid vir Sy groot dade. (**Num.21:17; Jes.12:3**).
7. Kom ons verneder ons weer voor Hom. Vra vergifnis vir die sigbare sondes van die dorp/stad en die gebrek aan toewyding aan die Here. Bid dat Hy weer die gemeenskap sal besoek.

Saterdag 3 April 2010

Dag 1: *Onthou die fonteine van herlewing van ouds*

🕮 **Jesaja 12:2-3:** *God is my redder; Ek vertrou op Hom, ek is nie meer bang nie. Die Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my redder." Met blydskap sal julle water skep uit die fonteine van redding.*

Ervaar jy nog steeds die vreugde wat jy gehad het toe jy Jesus die eerste keer as jou Saligmaker ontmoet het? Of het jy moeg en selftevrede geword? Laat die Heilige Gees toe om jou hart te ondersoek. Bely enige selfvoldaanheid of apatie in jou verhouding met die Here Jesus. Vra dat Hy jou hart weer met vreugde sal vul, ten spyte van moeilike omstandighede waarin jy jou moontlik bevind. Gee jouself aan Hom oor met die absolute vertroue dat Hy weer jou verlossing sal wees. Bid dat die Kerk opnuut in die Here sal juig as gevolg van Sy verlossing.

Sondag 4 April 2010

Dag 2: *Onthou die fonteine van herlewing van ouds*

🕮 **Spreuke 25:26:** *'n Fontein, 'n put waarvan die water vuil en stink geword het, so is 'n regverdige wat hom tot 'n val laat bring deur 'n goddelose.*

Baie Gelowiges word moeg of ontnugter as hulle nie 'n antwoord op gebed sien nie. Dit is omdat ons soms vooropgestelde idees het oor hoe God ons gebede moet verhoor. Bely dit teenoor God as jy Hom op enige manier beperk het. Gee jou gedagtes en verwagtings aan Hom oor en vra Hom om op Sý manier te werk, soos en wanneer Hy wil. Bid dat die Kerk van alle goddeloosheid gesuiwer sal word en dat dit verkwik sal word. Bid ook dat diegene wat moeg geword het, weer met krag en volharding sal opstaan.

Maandag 5 April 2010

Dag 3: *Onthou die fonteine van herlewing van ouds*

🕮 **Jeremia 2:11-13:** *Het daar al ooit so iets gebeur, dat 'n nasie sy gode verruil het, selfs al was hulle geen gode nie? Maar my volk het My, hulle magtige God, verruil vir gode wat nie kan help nie. Selfs die hemel moet daaroor skrik en beef en sidder! sê die Here. My volk het twee sondes begaan: Hulle het My, die bron van lewende water, verlaat, en hulle het vir hulle waterbakke uit klip gekap, waterbakke wat gebars is en nie water hou nie.*

Het jy jou tot jou eie planne of programme gewend omdat jy moeg geraak het om op God te wag? Bely enige werking van die vlees wat jy gebruik om God te "dwing" om herlewing, redding of verlossing vir jou of vir ons nasie te bring. Laat vaar die pyn van die verlede, jou trots of selfvoldaanheid oor eie prestasies, en gee jouself opnuut oor aan die Heilige Gees se leiding. Vra dat die Kerk in lyn sal kom met God se plan vir haar, die samelewing en ons nasie.

Dinsdag 6 April 2010

Dag 4: *Onthou die fonteine van herlewing van ouds*

🕮 **Genesis 26:12, 18:** *Isak het in daardie gebied gesaai, en daardie jaar het die saad honderdvoudig geskiet. Die Here het hom voorspoedig gemaak … Isak het toe die putte oopgegrawe wat in sy pa Abraham se tyd gegrawe is en wat na Abraham se dood deur die Filistyne toegegooi is.*

◈ Onenigheid en jaloesie in die kerk is 'n seker manier om die Heilige Gees se werking te blus. Laat die Gees van God toe om jou hart te ondersoek. Bely enigiets wat verdeeldheid tussen jouself en ander Gelowiges veroorsaak het, of dit jaloesie, afguns, kritiek, woorde of dade wat seermaak of wat ookal is. As jy iemand moet vergewe of ander moet vra om jou te vergewe, doen dit vandag en raak versoen. Vra dat die Here die fontein van Sy Gees in jou en in die Kerk sal oopmaak, sodat die lewende water vrylik kan vloei.

Woensdag 7 April 2010

Dag 5: *Onthou die fonteine van herlewing van ouds*

🕮 **Psalm 36:8-10:** *Hoe kosbaar is u trou, o God! U beskerm die mense wat by U skuil. In u huis geniet hulle oorvloed, U laat hulle drink uit die strome van u goedheid. U is die bron van die lewe, deur u lig lewe ons.*

◈ Verbly jy jou nog in die Here Jesus Christus? Die Psalmis skryf dat ons ons vreugde in die Here moet vind, en dat Hy ons op ons pad sal lei. Kom voor die troon van God met slegs een begeerte – om gemeenskap met Hom te hê. Onthou alles wat Hy in die verlede vir jou gedoen het. Prys Hom en laat jou hart toe om hom te verlustig in die oorvloed wat Hy gegee het. Vra dat Hy jou tot so 'n mate sal vernuwe dat jy weer jou blydskap in Hom en Hom alleen kan vind. Bid dat die Kerk weer geken sal word aan en gerespekteer sal word vir sy liefde vir Christus en alle mense.

Donderdag 8 April 2010

Dag 6: *Onthou die fonteine van herlewing van ouds*

🕮 **Spreuke 14:27:** *Die vrees van die HERE is 'n fontein van die lewe, om van die strikke van die dood af te wyk* (OAV).

◈ Om die Here te vrees beteken nie om vir Hom bang te wees nie, maar eerder om die moontlikheid te vrees dat Hy Sy teenwoordigheid aan ons mag onttrek. God is aangetrokke tot 'n oorgegewe wil en tot iemand wat geloof in Hom het. Is jy gewillig om saam met God te stap? Wanneer God so 'n opoffering vra, sal Hy ons ook die genade daarvoor skenk. Verootmoedig jouself voor Hom en vra dat Hy Sy Gees oor ons sal uitstort, sodat ons reg kan verstaan wat dit beteken om Hom te vrees, eerbied vir Hom te hê en godvresend te leef. Bid vir die herstel van godvresendheid in die Kerk in Suid-Afrika. Bid dat Gelowiges sensitief sal raak vir die oortuiging van die Heilige Gees.

Vrydag 9 April 2010

Dag 7: *Onthou die fonteine van herlewing van ouds*

🕮**Johannes 4:10-14:** *Jesus het haar geantwoord: "As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: 'Gee My 'n bietjie water om te drink,' sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het." Die vrou sê toe vir Hom: "Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry? … Maar Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom*

die ewige lewe gee." **Johannes 7:38-39:** *"Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei." Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie.*

 Voel dit vir jou asof jy in 'n geestelike woestyn is? Jesus het belowe dat, as ons van Sy water drink, ons nooit weer sal dors hê nie. Een manier om van Hom te drink, is om die Woord te lees en oor die waarhede daarin na te dink. Vra dat die Heilige Gees die Woord van God vir jou sal oopmaak, sodat jou gees van die waters van die lewe kan drink. Bid dat die Kerk na die Woord van God as die absolute waarheid sal terugkeer en dat die Woord van God ons optrede, gedagtes en verhoudings met ander mense sal rig. Bid dat lewende water weer uit die Kerk sal vloei om ook die ongelowiges in ons nasie aan te raak.

Saterdag 10 April 2010

Dag 8: ***Onthou die fonteine van herlewing van ouds***

Hooglied 4:12-15: *"My beminde bruid is 'n tuin wat toegemaak is, 'n tuin met 'n muur om, 'n fontein wat afgekamp is. Jou liggaam is 'n lushof, granaatbome met keurige vrugte, hennastruike saam met nardus, nardus en saffraan, kalmoes en kaneel saam met elke soort lekkerruik-kruie, mirre en aalwyn saam met al die beste lekkerruik-kruie. Daar is 'n fontein in my tuin, 'n put met borrelende water, strome van die Libanon af."*

 Die Kerk van Christus is veronderstel om oorvloedig vrug te dra. Jesus self het gesê dat as die takke nie vrugte dra nie, die Vader dit sal snoei. Laat die Heilige Gees toe om jou lewe te ondersoek. Toon berou oor enige dade wat nie vrug gedra het nie. Onderwerp jou aan die snoeiproses van die Heilige Gees, wat tot gevolg sal hê dat jy groot vrug sal dra. Bid vir diegene by wie die saad gesaai is tydens die herlewings van die verlede en deur die prediking van sendelinge, Bybelonderwysers en pastore wat onder ons nasies gewerk het en steeds werk. Nooi die hemelse Bruidegom uit om Sy Kerk te besoek en behae in haar te vind.

Sondag 11 April 2010

Dag 9: ***Onthou die fonteine van herlewing van ouds***

Numeri 21:16-18: *Daarvandaan het Israel verder getrek tot by Beër. Dit is die Beër waar die Here vir Moses gesê het: "Laat die volk bymekaarkom en Ek sal vir hulle water uit die put gee." Israel het toe hierdie lied gesing; "Put, lewer jou water, en ons sal daarvan sing! Put wat deur leiers gegrawe is, wat deur vernames van die volk oopgemaak is met septer en kierie."*

Aanbidding sal die fonteine van lewende water oopmaak. Ons moet leer om te aanbid totdat ons tot God deurbreek. Herlewing is die herstel van aanbidding, gemotiveer deur liefde en opoffering. Ons gewilligheid om onsself aan Hom oor te gee, raak God se hart aan. Aanbidding moet op God, Sy karakter en Sy werke fokus. Verhef jou hart en siel tot die Een wat ons

aanbidding waardig is. Bid ook vir die herstel van aanbidding in die Kerk en dat die fokus weer op God sal wees en nie net op onsself en ons behoeftes nie.

Maandag 12 April 2010

Dag 10: ***Onthou die fonteine van herlewing van ouds***

🕮 **Esegiël 47:9, 12:** *Waar die stroom ook kom, sal dit wemel van al die soorte diere en sal daar baie vis wees. Die water loop af na die Dooie See toe en sal die see vars maak. Waar die stroom kom, sal alles lewe …Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring.*

🔯 Die uitstorting van God se guns en genade op die Kerk sal outomaties elke aspek van ons samelewing beïnvloed. Wanneer die Kerk in die regte verhouding met God staan, sal die nasie genesing ervaar. Vra dat die Kerk in ons nasie weereens 'n weerspieëling van die hart en ontferming van Jesus sal wees. Bid dat God jou as 'n instrument sal gebruik om heling vir mense om jou te bring.

Gebedsfokus: Herlewing – 13 April – 12 Mei
Ps.69:33… *dié wat by God hulp soek, sal moed skep...*

Die volgende 30 dae gaan ons spesifiek fokus op herlewing in die kerk wêreldwyd. Die gebedsaanwysings fokus op jou eie verhouding met God sowel as op die plaaslike gemeente waaraan jy behoort se verhouding met Hom. Dit is goed om vir die groter Kerk te bid, maar wanneer jy bid, bid dat die mense wat jy ken, nuut sal word en nuut sal leef.

1. Begeer met jou hele hart dat die Here jou weer sal vernuwe.
2. Laat jou hart stil word voor Hom en stel jou hart oop vir die Gees van God om in jou en deur jou te werk.
3. Stop na elke Skrifverwysing en gebedsversoek en laat die Woord toe om jou ontvanklik vir God se teenwoordigheid te maak, voordat jy bid.
4. Na jou gebed, raak stil voor die Here en wag op die Heilige Gees om met jou te praat en in jou hart te werk.

Dinsdag 13 April 2010

Dag 1: Gebedsfokus op herlewing: God praat

🕮 **Hebreërs 1:1-2:** *In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun.*

⏳ **Oordenking:** Watter taal gebruik God? Hoe praat Hy vandag met ons?

🗣 **Persoonlik:** Verklaar dat jy glo dat God vandag steeds kan praat en wel praat. Vertel Hom van jou begeerte dat Hy persoonlik en verstaanbaar met jou moet praat. Vra dat die Heilige Gees aan jou bekend moet maak hoe God met

jou praat. Vra dat Hy Homself aan jou sal openbaar deur Sy Woord, Jesus Christus.

❤ **Gemeente:** Bid dat God se stem oor jou gemeente sal weerklink. Vra dat die mense se ore ingestel sal wees om na Sy stem te luister.

Woensdag 14 April 2010

Dag 2: Gebedsfokus op herlewing: God praat

📖**Hebreërs 1:1-2:** *In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun.*

⌛ **Oordenking:** Is daar 'n verskil tussen wanneer God deur die profete praat en wanneer Hy deur Jesus praat?

🗣 **Persoonlik:** Weet jy wat dit beteken dat God deur Sy Seun met jou praat? Spreek jou begeerte uit dat God deur Jesus met jou moet praat. Onderwerp jouself aan die leiding van die Heilige Gees wanneer Hy die Seun aan jou bekend maak.

❤ **Gemeente:** Bid dat die Heilige Gees oor julle gemeente sal sweef soos Hy in die begin oor die waters gesweef het voordat God lig gespreek en die hele skepping tot stand gekom het.

Donderdag 15 April 2010

Dag 3: Gebedsfokus op herlewing: Die heerlikheid van die Seun

📖 **Hebreërs 1:2-3:** *… die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand.*

⌛ **Oordenking:** Hoe kwalifiseer Jesus om deur God aangewys te word om Hom by die mense te verteenwoordig?

🗣 **Persoonlik:** Hunker jy daarna om deel te hê aan die verhouding tussen die Vader en die Seun? Verwoord hierdie verlange in 'n gebed tot Jesus om een met Hom te wees.

❤ **Gemeente:** Bid dat die lidmate van jou gemeente 'n honger sal ontwikkel om God intiem te ken en met Hom een te wees soos wat Hy beloof het.

Vrydag 16 April 2010

Dag 4: Gebedsfokus op herlewing: Die heerlikheid van die Seun

📖 **Hebreërs 1:2-3:** *…die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand.*

⌛ **Oordenking:** As Jesus die ewebeeld van die Vader is, kan ons dan die ewebeeld van Jesus wees? By implikasie – as die heerlikheid van God uit Jesus straal, moet die heerlikheid van Jesus dan nie uit ons straal nie?

🗣 **Persoonlik:** Glo jy dat God Sy natuur op jou wil afdruk deur 'n persoonlike, intieme verhouding met Hom? Sê vir Hom dat jy verlang om die onsigbare

heerlikheid van God deur Sy werk in jou te sien, om jou sodoende te herskep na die beeld van Sy Seun.
❤ **Gemeente:** Bid dat jou gemeente die heerlikheid van God so sal uitstraal dat die hele plaaslike gemeenskap Hom sal sien.

Saterdag 17 April 2010
Dag 5: Gebedsfokus op herlewing: Geregtigheid en vreugde
🕮 **Hebreërs 1:8-9:** *Maar van die Seun sê Hy: "U troon, o God, staan vir ewig vas, met u koninklike septer laat U reg geskied. U het die reg lief en U haat die onreg. Daarom het God, u God, U onder groot vreugde tot Koning gesalf bo u tydgenote."*
⌛ **Oordenking:** Geregtigheid is hoe God ons karakter toets aan Sy standaard van reg en verkeerd. Wat beteken die woord "karakter" vir jou? Hoe het Jesus karaktergewys aan God se standaarde voldoen?
🗣 **Persoonlik:** Kan jy eerlik sê dat vreugde die oorweldigende, aanhoudende toestand van jou siel is? Indien nie, het jy jou al ooit onderwerp aan God se evaluering van die toestand van jou siel? Wil jy dit nie nou doen en Hom vertrou om jou van enige ongeregtigheid te oortuig nie?
❤ **Gemeente:** Die karakter van die Kerk is die weerspieëling van die gemeenskaplike reaksie van die gemeentelede teenoor God self. Bid dat gemeentelede sal reageer op die Heilige Gees se verlange om mense na God te trek.

Sondag 18 April 2010
Dag 6: Gebedsfokus op herlewing: Waarskuwing teen die verwaarlosing van jou redding
🕮 **Hebreërs 2:1-4:** *Om hierdie rede moet ons soveel kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het, sodat ons nie dalk wegdrywe nie. As die woord wat deur engele gepraat is, bindend was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regmatig gestraf is, hoe sal ons dan ontkom as ons so 'n groot saligheid verontagsaam het? Hierdie saligheid is immers deur die Here verkondig, deur wie dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur dié wat dit gehoor het. Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens sy wil.*
⌛ **Oordenking:** Die redding van mense is God se grootste prioriteit. Om dit te kon vermag, het Hy die hoogste prys betaal, die offer van Sy Seun. Waarom, dink jy, is die redding van mense so belangrik vir God?
🗣 **Persoonlik:** Die inwoning van die Heilige Gees in ons is die oortuigende bewys van ons redding. Redding is nie iets wat ligtelik opgeneem moet word nie, maar is die herstel van die eer en heerlikheid van God se roem onder die nasies. Bring jou lewe hierdie eer aan Hom? Indien nie, buig voor Hom neer en vra vir die getuienis van die Heilige Gees in en deur jou lewe.
❤ **Gemeente:** Baie lidmate van die Kerk is net Christene in naam, nie in leefwyse nie. Bid dat elke gemeentelid deur die Heilige Gees oortuig sal word, tot ware redding en om kragtige getuies vir Hom te wees.

Maandag 19 April 2010

Dag 7: Gebedsfokus op herlewing: Uit die dood kom lewe

📖 **Hebreërs 2:9:** *Maar ons sien Jesus, met eer en heerlikheid gekroon op grond van sy lyding en dood. Hy is 'n kort tydjie minder gemaak as die engele, sodat Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe.*

⏳ **Oordenking:** Net soos duisternis gemeet kan word aan die afwesigheid van lig, net so kan dood slegs gedefinieer word deur die afwesigheid van lewe. Omdat God Lewe is, moet dood dus die afwesigheid van God beteken. Toe Jesus "die dood geproe" het, beteken dit dat Hy die volle implikasies daarvan ervaar het om namens ons heeltemal van God geskei te wees, sodat ons nooit nodig sal hê om die verskrikking van hierdie ewige "dood" te ervaar nie.

🗣 **Persoonlik:** Jesus se dood beteken die ewige lewe vir ons almal. Het jy Hom al ooit gedank vir hierdie geweldige, onverdiende geskenk: om nooit die ware dood te ervaar nie (die afwesigheid van God), maar om lewe vir ewig te proe (onbeperk, ononderbroke intieme nabyheid by God)? Vra dat die Heilige Gees jou na die kruis sal bring om die volle krag van Jesus se dood te ervaar: die oorwinning oor sonde en vrees vir die dood.

❤ **Gemeente:** Bid vir 'n dieper, ware begrip in die Kerk van wat "redding uit die dood" beteken, en dat mense bereid sal wees om deel te hê aan Sy lyding, sodat die heerlikheid van Jesus in die Kerk geopenbaar kan word.

Dinsdag 20 April 2010

Dag 8: Gebedsfokus op herlewing: Die Leidsman tot ons verlossing

📖 **Hebreërs 2:10, 17:** *God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie deel laat kry aan sy heerlikheid. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring … Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen.*

⏳ **Oordenking:** God die Vader moes Jesus "toets" deur Hom toe te laat om deur al die lyding te gaan waaraan mense blootgestel word. Jesus het hierdie "toets" geslaag deur getrou te wees te midde van versoekings, selfs tot op die punt dat Hy Sy eie wil en lewe afgelê het. As gevolg van hierdie getrouheid, vertrou die Vader Hom volkome vir my en jou redding.

🗣 **Persoonlik:** Ken jy Jesus persoonlik as die Leidsman tot jou verlossing? Weet jy dat die Vader Hom verantwoordelik gemaak het vir jou redding? Is jy bereid om Hom te vertrou om jou tot volkome saligheid te lei, wat beteken dat jy jou eie wil en lewe moet aflê? Plaas jouself in Sy hande en gee jou lewe aan Hom oor.

❤ **Gemeente:** Bid dat die lidmate van jou gemeente 'n diep persoonlike, lewensveranderende ontmoeting met Jesus as hulle Verlosser sal hê, die enigste Een wat God met die redding van die mensdom kon vertrou.

Woensdag 21 April 2010

Dag 9: Gebedsfokus op herlewing: Oorwinning oor sonde!

📖 **Hebreërs 2:16-18:** *Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word.*

⌛ **Oordenking:** Jesus kry nie skaam en word nie in die verleentheid gebring deur enige mens nie. Hy weet presies waardeur ons in hierdie lewe gaan. Hy verstaan elke sonde, elke mislukking, elke versoeking, elke emosie en elke verlies. Hy het Homself gegee sodat ons gehelp kan word om alle sonde, versoeking en pyn te oorkom. Ons kan áltyd op Hom vertrou om ons te help.

🗣 **Persoonlik:** Jesus deel in jou lyding en wil hê jy moet deel in Sy vreugde en liefde vir die Vader. Hy is jou Broer. Hy kan jou na die Vader neem en aan die Vader voorstel. Kan jy Hom vertrou om jou te help wanneer jy in die versoeking is? Hy wil jou vertroue met Sy hulp wen. Gee jouself en jou stryd om sonde te oorwin, aan Hom oor. Laat Hom toe om jou te oortuig en jou tot inkeer te bring.

❤ **Gemeente:** Bid dat Christene sal besef dat Jesus daar is om ons te help om elke versoeking om sonde te doen, te oorwin. Hy het dit oorwin, dus weet Hy hoe om ons te help om ook te oorwin. Bid dat ons as die Kerk Hom sal vertrou om ons te help om sonde en versoeking te oorkom, en nie 'n kompromie met die wêreld aan te gaan as gevolg van ons eie onvermoë om sonde met wilskrag alleen te oorwin nie.

Donderdag 22 April 2010

Dag 10: Gebedsfokus op herlewing: Oorwinning oor Satan!

📖 **Hebreërs 2:14-15:** *Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry.*

⌛ **Oordenking:** Satan se mag kom a.g.v. God se oordeel oor die sonde. Sonde verdien die dood en daarom het die dood mag. Satan mislei mense om te glo dat hulle magteloos is in die aangesig van die dood. Deur die straf van die dood weg te neem, het God Satan se mag oor mense verbreek. Diegene wat in Jesus glo, hoef nie die dood te vrees nie, want die dood is net 'n deur na die ewige lewe.

🗣 **Persoonlik:** Is jy bang om dood te gaan? Waarom nie jou lewe oorgee in die hande van Jesus met die volle versekering dat jy die ewige lewe sal hê nie? Vertrou Hom om jou volkome van alle vrees te bevry en om die ewige lewe 'n werklikheid vir jou te maak. Bid om van alle boosheid in jou lewe verlos te word.

❤ **Gemeente:** Bid dat die Kerk sal verstaan wat dit beteken dat die mag van Satan en die vrees vir die dood verbreek is. Bid dat ons as Christene sal verstaan dat ware mag verkry word deur op Jesus te vertrou vir die ewige lewe en om bereid te wees om ons lewens vir Hom af te lê, sodat ander van die bindinge van Satan verlos kan word.

Vrydag 23 April 2010

Dag 11: Gebedsfokus op herlewing: Kyk op na Jesus!

📖 **Hebreërs 3:1:** *Daarom, broers wat vir die Here afgesonder is en deelgenote is van die hemelse roeping, moet julle noukeurig let op Jesus, die Apostel en Hoëpriester van die geloof wat ons bely.*

⏳ **Oordenking:** Die geheim van die Christelike lewe is geloof wat op Jesus gefokus is. Dit behels om ons harte op Hom in te stel en Hom te vertrou vir die vervulling van al God se beloftes. Dit is om te glo dat, ten spyte van al ons swakhede en sonde, Jesus in staat is om 'n heerlike transformasie in ons te bewerkstellig. Maar dan moet Hy die middelpunt en fokus van ons geloof wees.

🗣 **Persoonlik:** Baie mense se geloof in Jesus is net daarop gemik om eendag "hemel toe te gaan". Hulle begryp nie dat geloof 'n lewende, elke-oomblik-van-die-dag-interaksie met Jesus is nie. Met betrekking tot Jesus, beteken dit dat jy jou hart en gedagtes op Hom rig en op Sy vermoë om jou meer as 'n oorwinnaar te maak. Hy wil jou 'n deelgenoot maak van Sy hemelse roeping. As jy dit begeer, moet jy vroeg-oggend jou hart op Hom instel en so gereeld as moontlik deur die dag, en dit moet die laaste ding wees wat jy doen voordat jy saans gaan slaap.

❤ **Gemeente:** Bid dat die Kerk sal terugkeer na die feit dat Jesus die Kern van ons geloof is. Bid dat mense sal begeer om Hom te leer ken vir wie Hy werklik is.

Saterdag 24 April 2010

Dag 12: Gebedsfokus op herlewing: Vul jou siel met Sy heerlikheid

📖 **Hebreërs 3:2-3:** *Hy is getrou aan God wat Hom aangestel het, soos ook Moses getrou was in die hele huis van God. Maar Jesus is groter heerlikheid waardig geag as Moses, net soos die een wat 'n huis bou, meer eer waardig is as die huis.*

⏳ **Oordenking:** Jesus se heerlikheid is gegrond op wat die Vader van Hom dink. Jesus se getrouheid is bewys en daarom het God Hom verhef tot die hoogste ereposisie. Ons word nou genooi om hierdie vertroue wat God in Jesus stel, te reken as die versekering dat Jesus vir ons kan doen wat God van Hom verwag – om ons na die Vader te lei.

🗣 **Persoonlik:** Ons reaksie op die vertroue tussen God die Vader en Jesus is om Hom te aanbid. Kyk op na Jesus en aanbid Hom tot jou hele siel gevul is met die kennis van Sy getrouheid aan die Vader en aan jou. Laat hierdie heerlike werklikheid jou hart vervul met volkome vertroue in Hom.

❤ **Gemeente:** Bid dat Jesus se getrouheid die Kerk met hoop sal vervul, sodat die Kerk weer in die waarheid van God en Sy Woord sal glo. Bid dat die Kerk 'n nuwe vlak van geloof en gehoorsaamheid sal bereik.

Sondag 25 April 2010

Dag 13: Gebedsfokus op herlewing: Die sonde van ongeloof

📖 **Hebreërs 3:12:** *Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie.*
⏳ **Oordenking:** Alle ongeloof is sonde. Ongeloof is nie iets wat as 'n swakheid geduld kan word nie. 'n Ongelowige hart het tot so 'n mate gevul geraak met duisternis dat die persoon God buite rekening begin laat en Hom tot leuenaar maak. Ongeloof mag geen plek in ons harte hê nie.
🗣 **Persoonlik:** Die manier om ongeloof teen te werk, is om na God te draai in die volle vertroue dat Hy is wie Hy sê Hy is. As jy vermoed dat ongeloof besig is om in jou hart in te kruip, begin dan dadelik om Hom in stilte te aanbid en die waarheid uit te spreek oor wie Hy is. Sê vir God dat jy glo dat Hy die Waarheid is en dat alles wat Hy sê, die Waarheid is. Laat jou hart toe om die teenwoordigheid van die lewende God te ervaar. Hoe meer jy dit doen, hoe meer sal jou hart met geloof vervul word.
❤ **Gemeente:** Ongeloof ontstaan ook as gevolg van te min gemeenskap met God. Bid dat jou mede-gemeentelede gemeenskap met God sal hê deur gereelde gesamentlike en individuele gebed. Voortdurende gesprekke met God, veral om te leer om Sy stem te hoor, stimuleer geloof.

Maandag 26 April 2010
Dag 14: Gebedsfokus op herlewing: Moenie jou hart verhard nie
📖 **Hebreërs 3:13:** *Maar solank daar nog 'n "vandag" is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie.*
⏳ **Oordenking:** Die eerste vereiste vir intimiteit met God, is 'n sagte en gevoelige hart wat met onmiddellike gehoorsaamheid aan God se wil reageer. Hierdie openheid vir God kan verlore gaan as ons toelaat dat wêreldse dinge soos sorge, rykdom en plesier ons harte weglok en veroorsaak dat ons ons fokus weg van God na onsself verskuif. Dan word die verhouding bloot godsdiens. Geloof word selfgenoegsaam en oppervlakkig. Die hart maak stadig toe en sluit God uit.
🗣 **Persoonlik:** Is jou hart tot so 'n mate deur die wêreldse dinge geïnfiltreer dat jy nie meer vir ander omgee of lief is vir hulle nie? Het jou verhouding met Jesus koud en oppervlakkig geword, fokus jy net op jou behoeftes, jou oorlewing en jou bekommernisse? Laat die Heilige Gees toe om jou hart te ondersoek. Laat Hom toe om jou hart te versag wanneer jy nederig voor Hom staan, deur jouself gewillig aan Sy weë ondergeskik te stel, selfs al mag die proses pynlik wees.
❤ **Gemeente:** Bid dat die Heilige Gees in jou gemeente sal beweeg om harte te oortuig van diegene wat in so 'n mate met die wêreld verstrengel geraak het dat hulle nie meer op God se stem kan reageer nie. Bid dat God se Gees die hardheid sal binnedring en dat die Kerk weer sag en buigsaam sal word in God se hande.

Dinsdag 27 April 2010
Dag 15: Gebedsfokus op herlewing: Spoor mekaar aan!

📖 **Hebreërs 3:13:** *Maar solank daar nog 'n "vandag" is, moet julle mekaar elke dag aanspoor …*
⏳ **Oordenking:** Die Kerk van Christus is 'n Liggaam, nie 'n organisasie nie. Siekte by een lid affekteer en vergiftig stadigaan die hele Liggaam. God het ons 'n Liggaam gemaak sodat ons op mekaar moet staatmaak en mekaar moet versorg. As ons onsself van die Liggaam afsny, sal die Liggaam ly en sal ons sterf.
🗣 **Persoonlik:** Het jy so individualisties in jou verhouding met God geword dat jy nie meer omgee vir die geestelike lewe van ander om jou nie? Kritiseer jy die Kerk? Laat die Heilige Gees toe om jou hart te ondersoek. Bely enige koudheid, afsydigheid en dalk openlike woede en haat teenoor ander lidmate in die Kerk. Vra dat die Heilige Gees jou weer met die Liggaam van Christus sal verenig en dat jou begeerte sal wees om genesing, nie siekte nie, in die Kerk te bring.
❤ **Gemeente:** Bid vir die volkome genesing van die Kerk as die Liggaam van Christus: vir die heling van verdeeldheid, wonde, onsensitiwiteit, eiegeregtigheid, rassisme en onverskilligheid jeens die lyding van sekere lede van die Liggaam.

Woensdag 28 April 2010
Dag 16: Gebedsfokus op herlewing: Deel aan Christus
📖 **Hebreërs 3:14:** *Ons behou deel aan Christus as ons enduit volhard in die vertroue waarmee ons begin het.*
⏳ **Oordenking:** Die menswording van Jesus is 'n geheimenis wat aan elkeen van ons openbaar gemaak moet word. Jesus het "een van ons" geword. As ons Hom as ons Verlosser aanvaar en ons geloof in Hom bely, word ons "een met Hom". Hierdie eenheid is nie net 'n geestelike begrip nie, dis 'n lewende werklikheid. Sy lewe word my lewe. Sy vreugde is my vreugde. My pyn word Sy pyn. My lyding word Syne. Sy pyn word myne. Wat 'n wonderlike, heerlike skat!
🗣 **Persoonlik:** Begin elke oggend deur jou geloof in Jesus te beoefen. Moenie net bid en die Woord lees nie. Begin deur jou siel te onttrek van enige ander aktiwiteit. Stel jou hart wyd oop vir die Here Jesus Christus. Word stil in Sy teenwoordigheid en luister wanneer Hy tot jou siel spreek. Bly stil totdat jou siel begin om op Hom te reageer. Dit sal tyd neem aan die begin, maar oefen totdat jou siel hom in jou eenwees met Hom verbly.
❤ **Gemeente:** Bid dat die Kerk na haar roeping sal terugkeer – om die Bruid van Christus te wees. Bid dat daar 'n steeds sterker verlange by die gesamentlike Liggaam sal wees om met Christus te verenig in alle sake rakende elke Gelowige se verstand, gees en siel.

Donderdag 29 April 2010
Dag 17: Gebedsfokus op herlewing: Gaan in
📖 **Hebreërs 4:8-11:** *As Josua hulle in die rus laat ingaan het, sou God nie daarná nog van 'n ander dag gepraat het nie. Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God, want elkeen wat in die rus van God ingaan,*

rus van sy werk, net soos God van Syne. Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie.

⏳ **Oordenking:** Die Israeliete het genoeg geloof gehad om Egipte te verlaat, maar nie genoeg geloof om Kanaän binne te gaan nie. Op dieselfde wyse kan ons dalk genoeg geloof hê om in Jesus te glo vir die ewige lewe, maar nie genoeg geloof om die volheid van 'n lewe met God in die teenswoordige tyd te ervaar nie. Die eerste fase is om God te vertrou vir verlossing, die tweede fase is om 'n lewe van oorwinning te leef.

🗣 **Persoonlik:** Daar is 'n verskil tussen 'n soekende geloof en 'n rustende geloof. 'n Soekende geloof glo dat Jesus kan seën en bly wag daarop. 'n Rustende geloof ervaar die vrede wat alle verstand te bowe gaan; 'n toestand waar daar geen bekommernis is nie, omdat die hart en verstand by 'n plek van algehele rus gekom het. As dit jou begeerte is, verklaar in geloof dat dit moontlik is en vertel vir Jesus dat jy hierdie plek van rus wil binnegaan.

❤ **Gemeente:** Bid dat die Kerk verder sal gaan as om bloot te glo ten einde verlos te word, om waarlik te glo en ware oorwinning oor sonde, Satan, ongeloof en die onvermoë om God se opdrag uit te voer, te ervaar.

Vrydag 30 April 2010

Dag 18: Gebedsfokus op herlewing: God se rus

📖 **Hebreërs 4:10:** *… want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne.*

⏳ **Oordenking:** Ons geloof op sigself is nie God se rus nie. God self is die rus. Ons moet God se rus binnegaan deur in Hom te bly. Die enigste manier waarop ons met God kan verenig, is deur te verstaan wat dit beteken om aan Jesus vas te hou, "een met Hom" te word en Hom te vertrou om ons in God se rus in te bring. Dit is om by God te bly, en volle toegang tot Sy teenwoordigheid en liefde te hê, elke oomblik van die dag.

🗣 **Persoonlik:** As jy nog nie hierdie diepe rus in God ervaar nie, begin dan deur met Jesus bekend te raak. Leer om jou verstand en jou emosies tot rus te bring en alle angs en laste op Hom te werp, om Hom te vertrou om die volle verantwoordelikheid te aanvaar om jou in God se rus in te lei. Sonder jou gereeld af om Hom te aanbid en vertel Hom van jou begeerte vir hierdie dieper eenwees met Hom.

❤ **Gemeente:** Bid dat elke gemeentelid 'n verlange sal hê vir die diep intimiteit van 'n ware verhouding met God. Bid dat pastore, gemeenteleiers en Bybelonderwysers hierdie dieper waarhede om in God se rus in te gaan, sal verstaan en beleef, en dit vir ander sal leer.

Saterdag 1 Mei 2010

Dag 19: Gebedsfokus op herlewing: Rus van werk

📖 **Hebreërs 4:10-11 …** *want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne. Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan.*

⏳ **Oordenking:** Dit is oënskynlik twee teenoorgesteldes: "rus van werk" en "beywer om in te gaan". Rus van werk beteken nie om niks te doen nie. Dit beteken dat 'besigwees vir God' nie noodwendig vir jou die vrede sal gee waarna jy soek nie. Hierdie vrede kom slegs wanneer jy geleer het om in intieme gemeenskap met God deur Jesus Christus te rus. Die strewe is om in te gaan; dit beteken om lang tye in God se teenwoordigheid deur te bring, en die Heilige Gees en Jesus toe te laat om in jou te bewerk wat jy self nie kan doen nie.

🗣 **Persoonlik:** Die werk wat gedoen moet word, is om jou geloof te oefen. Om jou geloof te oefen moet jy jou in God se teenwoordigheid plaas, glo dat Hy jou hoor en op Hom wag om met jou te praat. Dan bly jy daar by Hom, terwyl jy partykeer luister, partykeer aanbid en partykeer die Woord se beloftes as't ware 'terugbid' na Hom. Here, help ons om in te gaan en U teenwoordigheid te ervaar!

❤ **Gemeente:** Bid dat God barmhartig sal wees en 'n gees van gebed op die kerk sal uitstort. Soek ander gemeentelede op en begin om saam te bid en God te soek vir jou gemeente.

Sondag 2 Mei 2010

Dag 20: Gebedsfokus op herlewing: Die Woord is aktief

🕮 **Hebreërs 4:12-13** *Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur tot selfs die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor Sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.*

⏳**Oordenking:** Die Woord van God is die swaard van die Gees. Ons verstaan dit gewoonlik binne die konteks van geestelike oorlogvoering teen die bose, maar hier is dit duidelik dat die eerste doel van die Woord is om ons harte binne te dring, en om daar die oorgeblewe duisternis in ons te konfronteer. Die Woord van God moet op so 'n wyse gelees en gebruik word dat die bedoelings van ons harte geopenbaar word. Is jy op so 'n wyse by die Woord betrokke?

🗣 **Persoonlik:** Jou interaksie met God hang af van jou interaksie met Sy Woord. Die Woord is die Waarheid. Jou lewe moet by die Waarheid aangepas word. Wanneer jy die Woord lees, moet jy die Woord toelaat om jou lewe te ondersoek en jou van jou sonde te oortuig. Bely jou oortredinge en vra die Heilige Gees om jou optrede aan te pas in ooreenstemming met die Woord. Laat jou hart toe om naak en ontbloot voor God se oë te staan.

❤ **Gemeente:** In tye van herlewing kom geloofsoortuiging grotendeels wanneer die Woord in krag en in waarheid verkondig word. Bid dat die Kerk na die stewige fondament van die Woord sal terugkeer. Bid vir predikers wat die Woord sonder kompromie preek, sodat dit soos 'n swaard is wat mense se harte sal binnedring.

Maandag 3 Mei 2010

Dag 21: Gebedsfokus op herlewing: Jesus in die hemel

📖 **Hebreërs 4:14** *Terwyl ons nou 'n groot hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely.*

⏳ **Oordenking:** Die werk van Jesus ons Hoëpriester het 'n tweeledige doel. Op die aarde het Hy Homself aan die kruis geoffer as die Lam van God. In die hemel sit Hy aan die regterhand van God en tree op as ons Hoëpriester en Voorspraak. Dit is nodig dat ons al twee ampte verstaan. Jesus verteenwoordig ons in die hemel, maar ons moet ook weet dat ons saam met Hom regeer vanuit die hemele (**Ef.2:6**).

🗣 **Persoonlik:** Bely jy gereeld dat Jesus jou Hoëpriester is? Deur dit te doen gee jy erkenning aan Hom en die werk wat Hy doen. Jou interaksie met Hom as die Hoëpriester beteken ook dat die krag van die hemelse lewe tot jou beskikking is. As jy aan hierdie belydenis vashou, sal die houvas van die sonde en van die duiwel op jou lewe verbreek word. Kyk na Jesus in die hemel. Plaas jou vertroue op Hom en laat jou hart by Hom bly. Sy vrede sal dan in jou hart inkom.

❤ **Gemeente:** Bid dat die Kerk die openbaring van Jesus as Hoëpriester sal ontvang. Bid dat hierdie waarheid die houding van die kerk oor sonde en Satan sal transformeer van een van tou opgooi na een waarin alle hindernisse oorkom kan word in ooreenstemming met God se beloftes.

Dinsdag 4 Mei 2010

Dag 22: Gebedsfokus op herlewing: 'n Simpatieke Hoëpriester

📖 **Hebreërs 4:15** *Die Hoëpriester wat ons het, is nie een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie.*

⏳ **Oordenking:** Jesus is bekend met al die kwessies waarvoor die mens te staan kom. Hy het dit immers self ondervind. Hy het Homself ontledig van Sy goddelike mag sodat Hy werklik mens kon word. Hy is geduldig met ons swakhede omdat Hy presies weet hoe ons voel. Sy fokus is nie in die eerste plek om te oordeel nie, maar om ons te help om ons swakhede te oorwin net soos Hy ook die sonde oorwin het. As jy jou daarop instel om hierdie waarheid te verstaan, sal jou hart vertroos word en sal jy hoop ontvang dat jy van enige vorm van sonde vrygemaak en verlos kan word.

🗣 **Persoonlik:** Jesus is ons vertroue waardig! Al wat nodig is, is dat ek myself onvoorwaardelik en volkome aan Hom oorgee. Ek moet nooit terneergedruk of teleurgesteld oor myself word omdat ek skynbaar nie 'n sondelose lewe kan voer nie. Ek moet myself volkome aan Hom onderwerp en op geen manier Sy planne met my teenstaan nie. Wil jy jouself nie nou volkome aan Hom oorgee nie?

❤ **Gemeente:** Bid dat die Kerk 'n intense begeerte sal hê om 'n liggaam te word wat geheel en al en volkome sonder sonde is. Bid dat die Kerk ook so barmhartig en simpatiek teenoor sondaars sal wees as wat Jesus was. Laat ons ons veroordelende houding bely en die Here Jesus vra om Sy hart vir ons te gee.

Woensdag 5 Mei 2010

Dag 23: Gebedsfokus op herlewing: Vertroue om nader te gaan

📖 **Hebreërs 4:16** *Kom ons gaan dan met vertroue na Sy genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.*

⏳ **Oordenking:** Ons vertroue is gegrond op die medelye en krag van ons Hoëpriester. Het jy hierdie vertroue? Hoe word Sy medelye en krag in jou lewe vertoon?

🗣 **Persoonlik:** Oefen hierdie vertroue: 1. Gaan na God as die Een wat op die troon sit. Hy is genadig. Hy wag om jou te ontvang. Hy het jou lief. Bestee tyd om jou hart aan Hom te gee om hierdie waarhede te aanvaar en joune te maak. Buig voor Hom. 2. Gaan met vertroue en geloof dat Hy jou ter wille van Jesus sal ontvang. Vertroue beteken ek aanvaar die offer van Jesus; ek eer die werk wat Hy doen; ek eer die Vader; ek gee erkenning aan die Hoëpriester en wil gemeenskap met Hom hê. Terwyl jy bid en nadat jy gebid het, wees stil en dink na oor wat tussen jou en Hom gebeur. 3. Hoe meer jou siel met Jesus as die Hoëpriester besig is, hoe groter sal jou vertroue word. Hy wil met groot teerheid een wees met jou. Hy verstaan, Hy voel wat jy voel, Hy stel Hom in jou plek. Vertoef in Sy teenwoordigheid.

❤ **Gemeente:** Bid dat die Kerk hierdie wonderlike waarheid sal begryp: By die troon van die Here kan die hele mensdom steeds genade en barmhartigheid vind. Dit is nog nie die tyd van oordeel nie. Bid dat elke lidmaat van die Kerk dit sal verstaan en van die geleentheid gebruik sal maak om na die troon te gaan en genade en ontferming te vind in 'n tyd van nood.

Donderdag 6 Mei 2010

Dag 24: Gebedsfokus op herlewing: Genade en barmhartigheid

📖 **Hebreërs 4:16:** *Kom ons gaan dan met vertroue na Sy genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word*

⏳ **Oordenking:** Ons vertroue is gegrond op dit wat ons oor God se karakter glo. Die Here se genade beteken dat wanneer ek na Hom toe kom met my skuld, sondigheid en onwaardigheid, ek daarvan verseker kan wees dat Hy my sonde sal vergewe en my sal aanvaar. Hy sal dit doen. God se genade beteken dat die innerlike hemelse werking van God se Gees binne-in my my volledig kan verander sodat ek 'n weerspieëling van Christus Self kan word.

🗣 **Persoonlik:** Elke persoon moet vir hom-/haarself die genadige liefde van God toe-eien. Verstaan dat die ganse werk van Christus bedoel is om jou te laat kwalifiseer om met vertroue met God te kan verkeer. Wil jy Hom nie nou hiervoor dank nie? Sit 'n rukkie stil en dink oor Hom en aanbid Hom.

❤ **Gemeente:** Bid dat die Kerk hierdie genadige liefde van God sal ervaar, en om daarop te reageer met suiwer en nederige aanbidding. Bid dat die waarheid van God se liefde die Kerk in 'n gemeenskap vol liefde, genade en guns sal transformeer.

Vrydag 7 Mei 2010

Dag 25: Gebedsfokus op herlewing: Ons Vertroue

📖 **Hebreërs 5:1-2** *Elke hoëpriester is 'n mens wat uit die mense geneem en aangestel word om vir hulle by God in te tree deur gawes en offers vir die sonde te bring. Hy kan meegevoel hê met die onwetendes en dwalendes omdat hyself aan swakheid onderhewig is.*
⏳ **Oordenking:** Die twee vereistes vir 'n hoëpriester is dat hy deur God aangestel moet wees en ook moet kan simpatiseer met diegene wat hy voor God verteenwoordig. Jesus het aan beide hierdie vereistes voldoen. Jesus is deur God geroep om die mense voor Hom te verteenwoordig! Die werk van die Heilige Gees is om ons te oortuig van God se goeie bedoelings met ons en om ons te help om Jesus te vertrou deur ons die waarheid oor Hom te leer. Is jy oortuig dat God se bedoelings nét goed is?
🗣 **Persoonlik:** Jesus is ook swak gemaak sodat Hy ons volledig kon verteenwoordig. Hy het Sy triomf verdien omdat Hy bereid was om soos mense te ly. Lyding en swakheid was Sy kenmerke op aarde. Nou in die hemel wil Hy almal verteenwoordig wat swak is en swaarkry. Dit is Sy ewigheidswerk: om jou te verteenwoordig! Wil jy hierdie Jesus leer ken?
Bid dat die Heilige Gees dit vir jou werklik sal maak en jou Sy verteenwoordiging sal laat ervaar.
❤ **Gemeente:** Bid dat die Kerk tot die besef sal kom dat die Here vír hulle is en nie teen hulle is nie. Bid dat hierdie besef 'n diepe nederigheid sal meebring, wat veroorsaak dat die Kerk nie trots en arrogant sal wees in hulle omgang met ongelowiges en sondaars nie. Bid dat die hart van Christus in die Kerk sigbaar sal wees.

Saterdag 8 Mei 2010
Dag 26: Gebedsfokus op herlewing: Christus as Hoëpriester
📖 **Hebreërs 5:4-5** *Niemand eien hom die eer as hoëpriester toe nie, hy word deur God daartoe geroep, net soos Aäron. So het Christus Hom ook nie die waardigheid as hoëpriester toegeëien nie, God het dit vir Hom gegee, toe Hy gesê het: "Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader. En op 'n ander plek sê Hy: "Jy is 'n priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek."*
⏳ **Oordenking:** God het Jesus gekies as die mensdom se verteenwoordiger by Hom. Hy wou geen ander persoon of wese hê om die werk te doen nie, behalwe Sy seun. Dit was slegs Sy Seun wat God se hart vir mense verstaan het. Omdat Hy van God gekom het en na God teruggekeer het, kan Hy ons ook daarheen neem. Omdat Hy een is met God, kan Hy ons ook een maak met God. God het hierdie heerlike taak aan Hom toevertrou: die versoening tussen God en die mens.
🗣 **Persoonlik:** Jesus ontvang groot eer wanneer Hy vir sondaars intree. Dit is waarom Hy gekom het en waarom Hy die heerlikheid wat Hy saam met die Vader gehad het, prysgegee het. Elke keer as ons tot Jesus pleit vir genade, ontvang Hy eer. Elke keer as ons 'n belofte van God glo en vir Jesus vra om dit te vervul, word Hy in die Vader se teenwoordigheid verheerlik. Wil jy Hom ook eer?
❤ **Gemeente:** Bid dat die Kerk die waarheid van God se Woord en Sy beloftes sal begryp en sal begin om Jesus daarvoor te eer deur tot Hom te bid en om vir

Hom te vra om daardie beloftes te vervul. Geloof is presies dit – om te glo dat God se beloftes die waarheid is en dat dit vervul sal word as gevolg van Jesus.

Sondag 9 Mei 2010

Dag 27: Gebedsfokus op herlewing: Jesus se trane

📖 **Hebreërs 5:7-8** *Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God. Alhoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is.*

⏳ **Oordenking:** Wat Jesus vir ons wou doen, moes hy eers vir Homself doen. Om te kwalifiseer vir die werk om ons te heilig, moes Hyself eers geheilig word. Hy moes leer om as 'n menslike wese in 'n verhouding met God te staan. Die feit dat Hy met 'n luide stem en trane gebid het, dui op Sy geweldige worsteling met die swakhede van mense. Hy het Sy eie wil tersyde gestel en die angs vir die dood deurgemaak omdat Hy die beloftes van God verstaan en gehoorsaam aan God se wil was.

🗣 **Persoonlik:** Die toets vir Jesus was gehoorsaamheid. Wat Hy gedoen het, wil Hy ons ook leer doen. Hy weet wat dit kos om jou eie wil prys te gee. Hy ken ook die krag wat vrygestel word as 'n persoon dit kan doen. Sy dood en opstanding stel ons in staat om Sy voorbeeld te volg omdat Sy hemelse krag tot ons beskikking is. Vertrou jy Christus genoeg om bereid te wees om Hom die hele pad te volg? Kom dan na Hom toe en praat met Hom oor jou gehoorsaamheid.

❤ **Gemeente:** Bid dat die Kerk die waarheid sal hoor oor die groot werk wat Jesus gedoen het en dat die waarheid die Kerk in staat sal stel om volkome gehoorsaam te wees aan die wil van God. Bid dat God se wil uitgevoer sal word in die lewe van elke lidmaat van jou gemeente.

Maandag 10 Mei 2010

Dag 28: Gebedsfokus op Herlewing: Die volmaaktheid van Jesus

📖 **Hebreërs 5:8-9** *Hoewel Hy die seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is. En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword.*

⏳ **Oordenking:** Daar is baie min mense wat daarna streef om volmaak te word, hoofsaaklik omdat ons baie min rolmodelle het wat hierdie posisie bereik het en ook omdat ons nie kan glo dat dit moontlik is dat iemand so 'n vlak van heiligheid kan bereik nie. Jesus was 'n volmaakte mens. Hy het gedoen wat niemand in die Ou Testament kon vermag nie. Deur Sy oorwinning oor versoeking en sonde het Hy vir ons die perfekte voorbeeld gestel. Die pad na volmaaktheid is om te kies om ons eie wil neer te lê en om volkome aan God gehoorsaam te word. Dit is die geheim om die mag van sonde en Satan te breek.

🗣 **Persoonlik:** Die sleutel tot 'n lewe vol van vrede, vreugde en krag is gehoorsaamheid aan God. Jesus se gehoorsaamheid, die neerlê van Sy eie wil, Sy dood en opwekking stel my en jou in staat om gehoorsaam aan God te word.

Dit gebeur met gebed, uitroepe en baie trane. Die roeping is duidelik: Lê jou eie wil neer en gehoorsaam God. Is dit nie waarna jou hart verlang nie? Kom na God en neem die eerste stap in gehoorsaamheid – gee aan Hom jou wil. Vra Hom die genade om met elke tree aan Hom gehoorsaam te wees.
❤ **Gemeente:** 'n Kerk wat kompromieë aangaan, is swak en kan nie verwag om impak te maak op die lewens van ongelowiges nie. Die wêreld moet nog sien wat 'n Kerk kan doen wat volkome aan God gehoorsaam is. Bid dat die kerk in ons tyd tot hierdie groot en hoë roeping sal kom – totale gehoorsaamheid aan God se wil.

Dinsdag 11 Mei 2010
Dag 29: Gebedsfokus op herlewing: Waarskuwing teen selftevredenheid
🕮 **Hebreërs 5:10-13** *…en is Hy deur God verklaar tot Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek. In verband hiermee het ons baie te sê wat moeilik is om aan julle te verduidelik, aangesien julle so traag is om te leer. Hoewel julle teen hierdie tyd self reeds onderrig behoort te gee, het julle weer nodig dat iemand julle in die grondwaarhede van die woord van God moet onderrig.'n Mens moet julle met melk voed en nie met vaste kos nie. Iemand wat nog van melk lewe, kan nie saampraat oor wat reg of verkeerd is nie, want hy is nog 'n kind.*
⌛ **Oordenking:** Geestelike traagheid maak die siel immuun teen die verstaan van geestelike dinge. Die traagheid kom wanneer Gelowiges net tevrede is daarmee dat hulle Gelowiges is. Hulle harte raak verstrik in die wêreld en hulle het baie min begeerte om in te gaan op die dieper geestelike waarhede van die lewe en geloof en die krag van Christus. Om die hemelse priesterskap van Christenskap te verstaan en na waarde te ag, moet mense se denke gefokus wees op die hemelse Jesus, met 'n ontevredenheid oor die normale Christelike lewe soos ons dit ervaar, 'n begeerte vir volkome verlossing, 'n gewilligheid om alles op die altaar te lê om Christus te volg en om die krag van die onvernietigbare lewe in Hom te beleef.
🗣 **Persoonlik:** Dit is baie gevaarlik om 'n onvolwasse Gelowige te bly en nooit tot volwassenheid te groei nie. Dit is om net tevrede te wees dat jy nie hel toe sal gaan nie. Jou lewe is dan steeds een wat net jouself, maar nie vir God tevrede stel nie. Kom na die hemelse Jesus en spreek jou begeerte uit om te groei totdat jy Hom in Sy volheid ken, ongeag die prys.
❤ **Gemeente:** Bid dat die lidmate van die Kerk ontevrede sal raak met die *status quo* in die kerk. Bid vir 'n diep innerlike dringendheid om te groei in kennis en verstaan van die hemelse dinge. Bid dat daar leiers in die Kerk sal wees wat 'n lewenstyl van volkome gehoorsaamheid stel en dit ook vir ander leer.

Woensdag 12 Mei 2010
Dag 30: Gebedsfokus op herlewing: Volwassewording
🕮 **Hebreërs 5:12-14**. *Hoewel julle teen hierdie tyd self reeds onderrig behoort te gee, het julle weer nodig dat iemand julle in die grondwaarhede van die woord van God moet onderrig.'n Mens moet julle met melk voed en nie met*

vaste kos nie. Iemand wat nog van melk lewe, kan nie saampraat oor wat reg of verkeerd is nie, want hy is nog 'n kind. Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei.

⌛ **Oordenking:** Wat is die verskil tussen 'n kind en 'n volwasse Christen? 'n Kind verstaan net die eerste, maklike dinge. 'n Volwasse Gelowige ken Christus as die Hoëpriester en die krag van Sy hemelse lewe. 'n Kind ken Christus slegs as die een wat gekruisig is, die aardse priester wat so versoening tussen God en die mens bewerk het. 'n Volwasse Gelowige verstaan die hemelse krag van die bloed en die lewe saam met God in die Allerheiligste. Gehoorsaamheid verrig 'n unieke werk in die hart van die Gelowige. Hulle is geoefen in gehoorsaamheid, in deursettingsvermoë om die dinge van die wêreld en die vlees te oorwin, kan tussen goed en kwaad onderskei, ken God se stem en gehoorsaam Hom. Hulle gewetes is geoefen om net vir God te behaag. Alhoewel hulle nog nie volmaak is nie, rus hulle in Hom en gehoorsaam hulle Hom wat volmaak is.

🗣 **Persoonlik:** Wil jy hierdie hemelse sensitiwiteit oor sonde besit? 'n Sensitiewe hart om God se wil in elke opsig van jou lewe te ken? Indien wel, sal die Heilige Gees en die Woord van God jou lei om Christus as die hemelse Hoëpriester te leer ken. Spreek jou begeerte uit om in die kennis van God te groei en wees elke dag getrou om jou geloof te oefen. Vertrou dat Jesus Christus die werk in jou volkome sal maak.

❤ **Gemeente:** Bid dat die Kerk van die Here 'n volwasse Bruid sal word, wat uitkyk en wag vir haar Bruidegom. Bid dat leraars, predikers en Bybelonderwysers sal ophou om die Kerk slegs met melk te voed, maar sal begin om hulle met die vaste waarhede van God se Woord te leer, sodat die Kerk volwasse kan word en haar rol kan vervul.

---

10 Dae van dag-en-nag Gebed voor die Wêreld Biddag en Pinkster Sondag

Hierdie 10 dae van gebed vorm deel van die 40 dae van gebed vir herlewing in Suid-Afrika.

'n Tien Dae Gebedsgids vir die Wêreld Biddag 13-23 Mei 2010

Die Tien Dae van Gebed voor die Wêreldbiddag en Pinkster Sondag is deel van die 40 dae van gebed vir herlewing in ons land vanaf Hemelvaartdag, 13 Mei tot Saterdag 22 Mei 2010.

Bid wêreldwyd. Vergader plaaslik.

Kom bymekaar op kreatiewe maniere. *Baie mense vorm gebedskettings om vreugdevure van 24-uur-per-dag gebed. Ander weer sal vir 'n uur of twee bymekaarkom vir gefokusde gebed. Nog ander sal vas. Wees gereed dat die Heilige Gees vir jou nuwe idees gee om saam met familie en vriende te bid.*

Kinders bid! *Kom ons betrek kinders as vennote in ons gebede. 'n Spesiale kinder weergawe van hierdie gebedsgids is beskikbaar. Dit sal baie families help om saam te bid en kinders op kreatiewe maniere te help om ook hulle stemme saam met ander in gebed te laat hoor. Kry hierdie gidse en riglyne by* ***www.globaldayofprayer.com/children****.*

Jongmense sal dag en nag bid. *In verskeie lande sal jongmense dag en nag bid regdeur die 10 dae. 'n Spesiale weergawe van hierdie gebedsgids is ontwerp om die gebedslewe van jongmense van alle ouderdomme aan te wakker en te fokus. Kry hierdie gebedsvennoot weergawe by* ***www.globaldayofprayer.com/youth****.*

Bid saam met verskillende tale. *Hierdie gids word in omtrent 50 tale vertaal, wat tot gevolg het dat miljoene Christene regoor die wêreld hierdie selfde gebede kan bid. Die verskillende vertalings van die gebede is by* ***www.globaldayofprayer.com*** *te vinde.*

"Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur!...
Roep die volk op...laat die leiers bymekaarkom, bring die kinders bymekaar."
— Joël 2:12, 16

Volg die hoop wat in Joël staan; As gevolg van beperkte ruimte, kan al die belangrike verse nie hier gedruk word nie. Lees asseblief elkeen van die vyf verskillende gedeeltes uit die tweede hoofstuk van Joël in jou eie Bybel. Daar is een gedeelte vir elke twee dae om jou aan te moedig om oor Joël se woorde na te dink tydens die tien dae van deurlopende gebed.

Ware berou is 'n gawe. Ons moenie probeer om gevoelens van spyt te produseer nie. Ons mag nooit emosies forseer of namaak nie. Maar ons kan ons lewens in opregtheid vir God oopmaak. Ons kan groei in die sekerheid van Sy oordadige, ewige liefde. Kom ons vra die Here om ons geleenthede te gee waar ons kan wegdraai van die duisternis en kan wandel in Sy lig soos nog nooit tevore nie. Breek weg van jou normale roetine deur te vas of om saam met ander mense te bid.

Dit is nou die tyd. Kom ons maak gereed om God te ontmoet.

Donderdag 13 Mei 2010 (Dag 31)
10 Dae van dag-en-nag-gebed**: Dag 1**
HERLEEF
Ons Vader wat in die hemel is ...

- Bid tot God om Sy mense as een familie voor Hom te laat herleef en te verenig.
- Bid dat eiesinnige Christene berou sal hê en sal terugkeer na God die Vader, en sal leer om Hom te gehoorsaam en te vertrou.

- Bid vir nuwe bewegings van gebed wat volhardend die troon van genade sal opsoek.

(*Transformation Africa*. Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Vrydag 14 Mei 2010 (Dag 32)
***10 Dae van dag-en-nag-gebed*: Dag 2**
OPENBAAR
... heilig U Naam

- Bid dat die waarheid van God se karakter grootgemaak en geëer sal word.
- Bid dat God Hom sal bekend maak as die ware God teenoor valse gode en om elke leuen wat oor Hom gesê word, aan die lig te bring.
- Bid dat die Woord van God in elke nasie en plek op die aarde verkondig sal word.
- Bid dat die Skrifte in alle tale vertaal en beskikbaar gemaak sal word.

'n oproep OM TERUG TE DRAAI
Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur! (**Joël 2:12**).
Lees **Joel 2:12-14** hardop. Dink aan hoe hierdie uur net so 'n kritieke oomblik kan wees as in Joël se tyd, 'n "maar nou"-oomblik. Om verskeie redes het baie van God se mense van Hom weggedryf. Maar nou roep Hy ons om met ons hele hart na Hom terug te kom. Om terug te keer na God behels meer as om terug te gaan kerk toe en weg te draai van die sonde af; dit beteken om ons volle aandag aan God te gee, om met vertroue in Sy wonderbaarlike liefde naby aan Hom te kom. As ons na Hom terugkom, wil Hy ook na ons toe kom. Sy magtige liefde red ons nie net van ons sonde nie, maar gee ons ook Sy seën en bemagtig ons om Hom in oorvloedige dankbaarheid te aanbid. (*Transformation Africa*. Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Saterdag 15 Mei 2010 (Dag 33)
***10 Dae van dag-en-nag-gebed*: Dag 3**
HEERS
... Laat U koninkryk kom ...

- Bid dat baie deur die krag van die evangelie getrek sal word om hulle lewens aan Jesus Christus te gee, om Hom lief te hê en om Hom as Koning te volg.
- Bid dat Christus se volgelinge in die volheid van God se Gees sal wandel sodat hulle na die beeld van Christus kan leef.
- Bid dat die Heerskappy van Christus ons stede en gemeenskappe as geheel sal beïnvloed.

(*Transformation Africa*. Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Sondag 16 Mei 2010 (Dag 34)
***10 Dae van dag-en-nag-gebed*: Dag 4**
VERANDER
... en laat U wil geskied, op die aarde net soos in die hemel ...

- Bid dat God se kinders die invloed en seën van Christus na alle fasette van besigheid, kuns, onderwys en regering sal bring op maniere wat blywende transformasie sal meebring.
- Bid dat die Here se wysheid oor ons regeringsleiers sal kom om veranderings aan te bring wat reg en geregtigheid sal bevorder.
- Bid dat die geregtigheid, vrede en blydskap van Christus se koninkryk deur die krag van die Heilige Gees 'n werklikheid sal word.

'n oproep om *BYMEKAAR TE KOM*
Roep die volk op... en hulle moet sê: "Betoon medelye met u volk, Here ..." Waarom moet daar onder die volke gevra word: 'Waar is Israel se God?'" (**Joël 2:16-17**).
Lees **Joël 2:15-17**. Om as 'n volk berou te toon, moet ons saam voor God kom. Hy wil ons as 'n volk ontmoet. Dit is waarom Hy ons beveel om ons normale roetine te verbreek sodat ons in groot en klein groepe voor Hom kan verskyn. Dit is 'n tyd om die daaglikse gewoontes te onderbreek, om te vas van ons normale dieet, selfs om van ons bekende aanbiddingsgewoontes weg te beweeg en op spesiale maniere byeen te kom. Waarom hierdie dringendheid? Omdat iets groots vir God se heerlikheid op die spel is. Laat ons ons harte toelaat om te rou oor wat ons, as God se mense, gedoen het om Sy naam in oneer te bring. Vir die wêreld wat toekyk, kan dit lyk asof ons nie 'n God het nie. Dink 'n bietjie aan dinge wat die Here se hart bedroef, en bid dat ons sal verander om sodoende die eer aan Hom te bring wat Hom toekom. (*Transformation Africa*, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Maandag 17 Mei 2010 (Dag 35)
***10 Dae van dag-en-nag-gebed*: Dag 5**
VOORSIEN
... Gee ons vandag ons daaglikse brood ...

- Bid vir die basiese behoeftes van kos, water en gesondheidsorg vir armes, siekes, vlugtelinge en kinders.
- Bid dat God se mense, met die hulp van Sy Gees, agente van genesing en verandering sal wees wat die oorvloed, geregtigheid en vrede wat God verlang, sal voortbring.
- Bid dat God se mense die armoede-kringloop in hulle gemeenskappe sal verbreek, om daarmee God se belofte van seën onder alle nasies te vervul.

- Bid dat Christene met deernis en volharding sal optree om siektes uit te wis en om diensbaar te wees tydens epidemies soos MIV/VIGS.

(*Transformation Africa*, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Dinsdag 18 Mei 2010 (Dag 36)
***10 Dae van dag-en-nag-gebed*: Dag 6**
VERGEWE
...Vergewe ons sondes ...

- Bid dat die Gees van God in die harte van mans en vroue sal werk sodat hulle kan sien hoe bedroef God is en hoe hulle lewens deur sonde verwoes word.
- Bid dat die Gees van God mense sal bemagtig om hulle sonde te laat vaar en die genade te ontvang om hulle verbintenis met die magte van die duisternis af te sweer.
- Bid vir die erkenning van en berou oor sondes wat tot oorlog, armoede en ongeregtigheid aanleiding gee.

'n oproep tot *HOOP*
Die Here het vir sy land opgekom, Hy het medelye betoon met sy volk ...Jy moenie bang wees nie … jy moet bly wees en juig ... want die Here het 'n wonder gedoen … (**Joël 2:18, 21**).
Lees **Joël 2:18-22**. Ons behoort ywerig te wees om berou te toon omdat God so jaloers is op Sy naam en Sy mense. Vanweë God se groot liefde kan ons berou vrymoedig en vreesloos wees. Ons God sal afreken met die magte wat ons gemeenskappe vernietig. Al is die boosheid ook hoe groot, sal God selfs groter dinge doen. Sulke hoop bring blydskap as ons ons in opregtheid na God wend, in die wete dat Hy begeer om Sy goedheid oor die hele aarde te bring, ons stede te transformeer, ons ekonomieë te herstel en ons nasies heel te maak.
(*Transformation Africa*, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Woensdag 19 Mei 2010 (Dag 37)
***10 Dae van dag-en-nag-gebed*: Dag 7**
VERSOEN
... soos ons dié vergewe wat teenoor ons sondig ...

- Bid dat mense die kringloop van wrokkigheid, wraak en rassisme sal verbreek sodat verhoudings herstel kan word.
- Bid vir tekens van Christus se versoeningskrag te midde van militêre konflik, wat God se wil sal openbaar om alle oorloë te beëindig.
- Bid vir die herstel van verhoudings tussen mans en vroue, vir versoening in huwelike en vir nuwe, heel verhoudings tussen kinders en hulle ouers.
- Bid vir hulle wat ter wille van die Naam van Christus ly, dat hulle deur die

Gees en genade van Christus die vervolging sal kan verduur.
(*Transformation Africa*, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Donderdag 20 Mei 2010 (Dag 38)
***10 Dae van dag-en-nag-gebed*: Dag 8**
LEI
... en lei ons nie in versoeking nie ...

- Bid dat Christene met soveel liefde en ywer om God te behaag, vervul sal word, sodat hulle onbeweeglik sal bly te midde van versoekings soos dié van materialisme en seksuele perversiteit.
- Bid dat God se mense sal aanhou om in die lig van Sy weë en wysheid te wandel om so dwarsdeur die wêreld aan Sy doelstellings uitvoering te gee.
- Bid dat God leiding aan besigheids-, opvoedkundige en regeringsleiers sal gee sodat die vloek van korrupsie in alle stede en die ekonomie verbreek kan word.

'n oproep om *FEES TE VIER*
Julle sal oorgenoeg hê om te eet, julle sal die Naam van die Here julle God prys, Hy wat wonders vir julle gedoen het (**Joël 2:26**).
Lees **Joël 2:23-27**. Wanneer God se mense met hulle hele hart na Hom terugkeer, is daar 'n belofte van tasbare veranderings en groot blydskap in hulle gemeenskappe. Waar daar die vloek van verdrukkende armoede was, is dit God se begeerte om in oorvloed te voorsien sodat baie Sy naam in dankbaarheid sal aanroep en prys. 'n Selfs groter skouspel sal volg wanneer God Sy woning in Sy mense se midde sal oprig. Hy sal wonderbaarlik optree in sowel goedheid as mag, en die wêreld verras deur Sy teenwoordigheid onder sy mense te openbaar. (*Transformation Africa*, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Vrydag 21 Mei 2010 (Dag 39)
***10 Dae van dag-en-nag-gebed gebed:* Dag 9**
OORWIN
... maar verlos ons van die bose ...

- Bid dat God Sataniese magte sal teenstaan, die waarheid van die evangelie bekend sal maak en baie mense sal vrymaak om Christus te volg.
- Bid dat mense bevry sal word van afgodery, towerkuns, demoniese onderdrukking en depressie.
- Bid dat Christus die magte van die duisternis sal verbreek wat besighede, die regering en stede domineer en korrup maak.

(*Transformation Africa*, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Saterdag 22 Mei 2010 (Dag 40)
10 Dae van dag-en-nag-gebed: **Dag 10**
VERHEERLIK
... want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

- Bid dat tekens van Christus se koninkryk die aarde so sal vul dat baie mense beweeg sal word om te hoop op Sy wederkoms.
- Bid dat Christus se mag gesien sal word in die nederige en barmhartige diens van Sy mense.
- Bid dat Jesus openlik geëer sal word, deur massas aanbid sal word en wêreldwyd verheerlik sal word.

'n oproep om te *OPENBAAR*
Lees **Joël 2:28-32** en dink aan hoe hierdie beloftes tot 'n groter mate vervul kan word as ooit tevore. Wend jou met afwagting tot God. Hy is op die punt om sy plan van redding vir die hele wêreld bekend te maak. Selfs in tye van angswekkende beroering en swaarkry sal Hy Sy Gees uitstort sodat mense regoor die aarde – oues en jonges, arm en ryk, mans en vroue – die oproep van God uit alle rasse en alle plekke sal laat opklink. (*Transformation Africa*, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Sondag 23 Mei 2010
Pinkstersondag: ***Wêrelddag van Gebed***
Christene in al die lande van die wêreld het hulle daartoe verbind om vandag te verenig vir 'n dag van gebed en berou in die grootste wêreldwye gebedsbyeenkoms ooit. As die Liggaam van Christus wêreldwyd, sal ons vergifnis vra vir ons sondes, bid vir ons lande, vir die heling van die nasies en die transformasie van gemeenskappe en nasies oor die wêreld heen. Ons sal bid vir die uitstorting van die Heilige Gees op die Kerk aan die hand van **Joël *2***. Deur die eeue heen het die Here telkens die Heilige Gees op duisende plekke regoor die hele wêreld uitgestort. Laat ons vandag tot Hom roep dat Hy weereens Sy Kerk in die tien duisende plekke waar mense vandag bymekaarkom, sal besoek. Laat ons met geloof en vrymoedigheid bid (**Hand.1:8**) dat tekens en wonderwerke en gesondmaking en kragtige dade die manifestasies van die gawes van die Heilige Gees sal vergesel (**Hand.4:32; Heb.2:4**). Laat ons vir geestelike deurbrake bid vir mense wat in duisternis lewe in die Midde-Ooste, Europa, China, Indië en baie ander plekke in die wêreld.

Praktiese wenke om vandag in gebed deur te bring:

- **Bid saam met jou plaaslike gemeente**: Wy gedeeltes van die oggenddiens op Pinkstersondag aan gesamentlike gebed. Maak die feit bekend dat miljoene mense oor die wêreld heen byeenkom om tot die eer van Jesus Christus en vir die transformasie van alle nasies te bid. Lees die *Gebed vir*

die Wêreld voor vir die gemeente. Vertel hoe mense gedurende die tien dae gebid het. Oorweeg gesamentlike dienste met nabygeleë gemeentes.

- **Kom in huise of openbare plekke byeen**: Christene oor die wêreld heen beplan om op die middag en die aand van Pinkster in hulle huise, stadions, openbare ouditoriums en oop pleine bymekaar te kom. Party byeenkomste sal klein wees en ander groot, maar almal sal met dieselfde hart en visie bid vir berou en hoop. Soos tydens die eerste Pinksterfees (toe die seën van Christus in die strate en openbare plekke gemanifesteer het) sal ons God openlik in die Naam van Christus aanbid en bid dat die nasies gesond gemaak en geseën sal word. Ons probeer om sover moontlik by plekke buite die mure van ons kerkgeboue byeen te kom.

'n Gebed vir die Wêreld

"..hulle het almal saam tot God gebid…" – Hand.4:24

Almagtige God – Vader, Seun en Heilige Gees,
Saam met gelowiges oral in die wêreld, Vergader ons vandag om U Naam te verheerlik.
U is die Skepper van die hemel en die aarde.
Daar is niemand soos U, heilig en regverdig in al U weë nie.
Ons onderwerp ons aan U gesag as die Koning van die heelal.
Ons bid almal saam om U op die troon van ons harte te plaas en om U voor die wêreld te eer.

Here God, U alleen is waardig om ons lof en eer te ontvang.

Ons Vader in die hemel,
Dankie vir U groot liefde vir die wêreld.
U het U enigste Seun, Jesus Christus gegee, om aan die kruis vir ons sondes te sterf
sodat ons met U versoen kon word.
Ons is dankbaar dat ons U Vader kan noem, en om U kinders genoem te word.
Niks kan ons skei van U liefde nie.

Dankie Vader, dat ons deur Christus Jesus, ons Verlosser deel geword het van U familie.

Here Jesus Christus,
U alleen is waardig om die boekrol van geskiedenis oop te maak, want U is geslag en het ons met U
bloed teruggekoop vir die Vader.
Ons bely dat U die Hoof van die kerk is en Here van die hemel en die aarde.
Mag mense uit elke stam en taal U volgelinge word sodat U seën transformasie onder alle mense sal
bring.

Laat U koninkryk in elke nasie van die wêreld gevestig word sodat regerings met reg en geregtigheid
sal regeer.
Mag U Naam geëer word van waar die son opkom tot waar dit ondergaan.

Jesus Christus, U is die Verlosser van die wêreld en die Here van almal.

Vader van barmhartigheid en genade,
Ons erken dat ons gesondig het en dat ons wêreld in die greep van die mag van sonde is.
Ons harte is bedroef deur onreg, haat en geweld.
Ons is beskaamd oor die onderdrukking, rassisme en bloedvergieting in ons land
Ons betreur al die lewensverlies deur moord, oorlog en terrorisme.
Ons gesinne is gebroke en ons kerke is verdeel deur rebellie en trots.
Ons lewens is besoedel deur selfsug, gierigheid, afgodery en seksuele sonde.
Ons het U hart bedroef en skande op U Naam gebring.
Wees ons genadig ons het berou met ons hele hart.

Barmhartige Vader, vergewe ons sondes, Stort U genade uit en genees ons land.

Gees van die Lewende God,
Sonder U kan ons niks doen nie.
Verander U kerk na die beeld van Jesus Christus.
Stel U krag vry om siekes te genees, die onderdruktes vry te maak en die wat treur te troos.
Stort U liefde in ons harte uit en vul ons met U deernis
Om te antwoord op die roepstem van die haweloses en die wat honger is
Om die wese, weduwees en bejaardes toe te vou in U sorg.
Gee ons wysheid en insig in die komplekse probleme wat ons in die gesig staar.
Help ons om die hulpbronne van die aarde tot almal se voordeel te gebruik.

Heilige Gees, ons het U troos en leiding nodig. Verander ons harte.

Here Jesus Christus,
Omdat U dood was, maar opgestaan het,
En die Vader U die Naam bo alle ander name gegee het,
Sal U al die bose magte vernietig.
Vernietig vestings en ideologieë wat die kennis van God weerstaan.
Verwyder die sluier van duisternis wat die mense bedek.
Verhinder die boosheid wat geweld en dood bevorder.
Bring bevryding van demoniese oorheersing.
Verbreek die greep van slawerny, tirannie en siekte.
Gee ons moed om U Woord vreesloos te verkondig
En om getrou vir die verlorenes te bid.

Almagtige God, verlos ons van die Bose.

Koning van heerlikheid,
Kom en voltooi U werk in ons stede, ons mense en ons nasies.
Ons roep U aan, tesame met die gelowiges van Afrika en Asië,
Van die Midde-Ooste en Europa, van Noord- en Suid-Amerika.
En van Australië en die Stille-Oseaan eilande – ons roep almal saam;

Verbly julle, O poorte,
wees bly, eeue-oue deure, want die magtige Koning wil ingaan!

Namate U dade oor die aarde toeneem
En U seëninge oorvloei na al die nasies,
Sal hulle U soek en vra "Wie is Hy, hierdie magtige Koning?
Saam sal ons antwoord:

Die Here, die Almagtige**!**

Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.
Kom en vul die aarde met U magtige teenwoordigheid, soos die waters die seebodem bedek.
Die Gees en die Bruid sê:

Amen! Kom, Here Jesus!
–